

7 WEKE *met ritmes vir die lewe*

Wekker

Kol 3:23: "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie ..."

Inleiding: Om te werk en 'n werk te hê is 'n baie groot voorreg maar ons weet ook dit wipplank altyd tussen 2 uiterstes:

- "I owe, I owe it's of to work I go", of
- "Hay ho, hay ho, it's of to work I go".

Dolly Parton: Working 9 to 5

Tumble outta bed, And I stumble to the kitchen, Pour myself a cup of ambition, And yawn and stretch, And try to come to life, Jump in the shower, And the blood starts pumpin', Out on the street, The traffic starts jumpin', The folks like me on the job from 9 to 5

Workin' 9 to 5, What a way to make a livin', Barely gettin' by, It's all takin' and no givin', They just use your mind, And they never give you credit, It's enough to drive you crazy.

Die Bybel en werk:

- Genesis 1:28: "Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en **bewerk** dit".
- Genesis 2:15: "Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te **bewerk** en op te pas".
- Genesis 3:17b-19: "Vir die mens het die Here God gesê: "Omdat jy ... geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, is die aarde deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank; ¹⁸ die aarde sal vir jou dorings en dissels

laat uitspruit, en jy sal veldplante eet; ¹⁹ net deur **harde werk** sal jy kan eet ... "

- Spreuke 14:23: "**Harde werk** bring beloning; om net te praat, bring gebrek"
- Spreuke 21:25: 'n Lui mens soek sy dood, want hy wil nie sy hande uit sy moue steek nie; ²⁶ hy sit die hele dag net en wens.
- En hoe sal mens ooit die woorde van Jesus vergeet as Hy aan die kruis hang en dit uiter: "Dit is volbring". "My taak is voltooi – Ek het my werk afgehandel".

Skriflesing: Matteus 6:19-24

In ons Skriflesing vir die week kom sê Matteus vir ons dat ons in ons werk moet fokus en nie dubbel visie moet ontwikkel en nie die swaarkry van ons medemens moet miskyk nie. Hy sê ons moet altyd kies wie ons "God" is want ons kan nie 2 gode gelyk dien nie. Mammon is die Hebreeuse woord vir geld en later het mense dit verpersoonlik na 'n godheid toe wat dan Mammon, die geldgod, genoem is. Daar is selfs skilderye wat dit uitbeeld:



1. Werk is 'n seën van God

Uit die tekste uit Genesis sien ons dat werk 'n seëning van God is. Gen 1:1 sê dat God die hemel en die aarde gemaak het en Genesis 2:2 noem dit God se werk: "Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het".

Jesus sê tydens sy bediening in Johannes 5:17: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook". Nou word ons deur God se Gees God se medewerkers.

2. Sondeval

Sonde het van werk 'n gesukkel gemaak want die Bybel sê, nou kom daar dorings en vuilgoed op en jy moet sweet as jy werk. Mense raak ewe skielik gretig, gulsig, gierig en selfgesentreerd.

Werk voor die sondeval was 'n gymnasium van genade maar na die sondeval het werk 'n gymnasium van gierigheid en gulsigheid geword.

Prediker kla erg oor werk:

- Prediker 1:2-3: Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks. ³Wat kry die mens vir sy geswoeg, sy geswoeg in hierdie wêreld?
- Prediker 2:11: Maar toe ek goed nadink oor alles wat ek gedoen het en oor alles waarmee ek my met soveel sorg besig gehou het, het ek gesien dat alles niks was, 'n gejaag na wind. In hierdie wêreld bevredig niks nie.

Paulus skryf baie vroeg vir die kerk: Kol 3:22-24 sê: "Moenie net werk om deur julle werkgewers raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here. ²³ **Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie...** [vgl. ook Ef 4:26-28; 2 Tes 3:10-13; 1 Kor 10:31]

Ons is "human beings" en nie "human-doings" nie.

Roeping:

Werk is baie meer as net werk – dit is 'n roeping. Die woord roeping kom van die Latynse woord "vocare" wat in Engels vertaal word met "vocation". Die Griekse woord is "kaleo" en altwee woorde "vocare" en "kaleo" beteken om te roep. God roep ons om Hom in alles, ook ons werk, te verheerlik.



Vrae:

1. Bespreek die stelling: "Alle mense is voltyds in die bediening".
2. Dink bewustelik hoe kan jy God verheerlik deur jou elke dag se werk.
3. Bid vir mense wat werkloos is en werk soek.

